

DIE ETIES-RELIGIEUSE INSLAG EN SIN VAN BUITELUG-OPVOEDING EN OMGEWINGSTUDIE: 'n CHRISTELIK-WETENSKAPLIKE VERANTWOORDING.

P. R. T. Nel

This article represents a brief attempt to recognise and emphasize the validity and the inter-related principles of the natural and social sciences on the one hand and Christian aims and ethics on the other.

- The topic is examined under several headings:
- The biblical injunction to man which has a threefold implication;
- The constant interaction between man and his natural environment;
- Attitudes and relations towards self, others, the natural environment and God;
- A synthesis calling for one harmonious whole out of diverse aspects and aims.

Opdrag en aard

Die mens as aardbewoner het 'n duidelike opdrag om die skepping rondom hom te beheers en bewarend te bewerk. Om ten volle mens te kan wees moet jou verhouding, benutting en gesindheid tot die omgewing wat jou herberg en voed in ooreenstemming wees met die loflied in Psalm 104:

“ U het baie dinge geskep, Here,
die aarde is vol van wat U gemaak het,
en tog, U het alles in wysheid geskep.”

Reeds 'n Genesis 1 en 2 kom die opdrag om die aarde te vul, dit te onderwerp, te bewerk en te bewaak. Aan die eerste twee aspekte van hierdie opdrag aan die mensdom word op intensiewe en ekstensiewe wyse uitvoering gegee. Daar word geleer, beplan, gekweek en geteel: ge-oes, gevang en geslag! Woestyngrond word besproei, bemes en verbou; moerasse word gedreineer en beplant, want daar moet voedsel wees vir mens en dier.

Maar die mens het 'n gekompliseerde samestelling. Hy is 'n fisiese, intellektuele, emosionele, religieuse, morele, sosiale, estetiese en kreatiewe wese. En hierdie eienskappe kom in ewige wisselwerking by die individu en die groep voor weens genetiese, kulturele, opvoedkundige en omgewingsfaktore.

Omgewing

Oorspronklik woon elke volk of stam in 'n bepaalde *natuurlike omgewing* met 'n kenmerkende klimaat en reënval. Die natuurlike omgewing dwing egter nie 'n bepaalde kultuurvorm af nie. So byvoorbeeld word in een en dieselfde geografiese gebied verskillende kulture gevind. As voorbeeld kan Suid-Afrika gebruik word waar verskeie kulture binne dieselfde natuurlike omgewing aangetref word.

Die natuurlike omgewing het egter beperkende invloede op kultuurvorme. So byvoorbeeld kan die Eskimo's huise van ysblokke bou terwyl volke in die warmer streke dit nie. Verder kan volke in woestyngebiede nie landbou beoefen nie en daarom sal hulle metodes moet vind om voedsel in te samel.

Die afleiding uit bogenoemde voorbeelde staaf dus die gedagte dat die natuurlike omgewing beperkings opleë op die voorkoms van sekere kultuurvorme *buite* sekere gebiede.

Maar die natuurlike omgewing bied egter ook bepaalde moontlikhede wat binne perke ontgin kan word.

Die natuurlike omgewing het dus nie alleen beperkende invloed op die mens nie maar bied ook sekere moontlikhede waarvan die inwoners gebruik *kan* maak, maar dit *verplig* hulle nie om gebruik daarvan te maak nie.

Die sosiale-en kulturele omgewings is vervleg en is funksioneel eintlik 'n eenheid; maar dit dui tog op twee onderskeie omgewings.

Die sosiale omgewing hang saam met die sosiale wesenswaard van die mens en dui op die feit dat geen mens in isolasie kan leef sonder beïnvloeding van buite nie. Die gedragspatroon van die individu word binne sy gemeenskap in 'n mindere of meerdere mate beïnvloed deur die feit dat hy tussen ander individue apart en gesamentlik sy lewensbaan moet voer.

Die kulturele omgewing dui op die *totale eiendomslikheid* van 'n volk (stam) wat so 'n volk of stam deur 'n skeppingsproses gedurende sy ontstaan en bestaan tot stand gebring het en elke lid van die volk (stam) rekening moet hou in sy daaglikse lewe.

As gevolg van tegnologiese ontwikkeling en die moderne kommunikasie-middele, is dit vandag basies onmoontlik vir 'n gemeenskap om in totale isolasie en sonder beïnvloeding van ander groepe of volkere te lewe.

Aanpassing en benutting

Dit is noodsaaklik vir die mens om hom by sy bepaalde omgewing aan te pas anders sal hy ten gronde gaan. In hierdie verband sê Coertze (1956):

“Enige lewensvorm van watter aard ookal moet pas in die omgewing waarin hy 'n bestaan voer anders gaan dit ten gronde. Alleen daardie lewensvorme wat in staat is om die lewensmiddele wat die omgewing bied te gebruik vir sy instandhouding en wat in staat is om hom te weer teen die gevare van buite wat sy bestaan bedreig, en wat in staat is om homself binne daardie omgewing voort te plant, kan leef en by voortleef.”

Die mens is geen uitsondering in die reël nie en moet harmonies inpas by sy omgewing om nie ten gronde te gaan nie en die logiese vraag wat hieruit voortvloei is hoe die mens hom by sy kompleks omgewing aanpas?

Die mens pas, anders as die dier, hom op 'n *indirekte wyse* by sy omgewing aan. Aan die een kant is die rede hiervoor gesetel in die feit dat alle suksesvolle lewensvorme onder normale omstandighede volmaak by hulle onderskeie omgewings aangepas is, terwyl die mens relatief swak daarby aangepas is. Sy liggaam is byvoorbeeld nie bedek deur hare of wol om hom teen koue te beskerm nie, ook besit hy nie kloue, tande of naels waarmee hy homself kan verdedig nie; of spoed waarmee hy sy prooi kan bekom nie. Laasgenoemde voorbeelde dui op die *biologiese onaanpastheid van die mens* en word na verwys as menslike gebreke.

Aan die ander kant besit die mens egter bepaalde *eienskappe en vermoëns* (meerder menslike gawes) soos 'n waarnemingsvermoë, redeneringsvermoë, voorstellingsvermoë, leervermoë, spreekvermoë en die bruikbaarheid van die menslike hand.

Met sy meerder menslike gawes reël die mens dan vir sover hy rief natuurgebonde is nie, sy eie aanpassing en hierdie aanpassing gaan gepaard met 'n skeppingsproses. Die mens skep wapens vir sy veiligheid, berei voedsel voor om te eet, maak klere om sy liggaam te beskerm ens. Langs hierdie weg skep die mens vir hom 'n 'sekondere' omgewing waardeur hy homself by sy omgewing kan aanpas.

Ons het dus te doen met *twee pole*, naamlik *mens* en *omgewing* wat in 'n wisselwerkende verband tot mekaar staan en wat determinerende faktore vir die lewensproses van die mens is terwyl die skeppingsproses van die mens noodsaaklik is vir sy voorbestaan.

Verhoudings en gesindhede

Teenoor die 'self,' medemens en samelewing

'n Mens word gebore, groei op, ervaar en leer self; word gelei en opgevoed binne 'n letterlike en figuurlike "ruimte". Binne hierdie "ruimte" stig hy algaande en in ooreenstemming daarmee, lewensinhoudende en vormsisteme, verhoudings en gesindhede teenoor wat en wie hy is en wil wees (die "selfbeeld"). Sy ingebore aanleg, intellek en fisiese sowel as geestelike welsyn is die potensiële bates waarmee hy sy "ruimte" verken en ontgin.

In sy "verkenning" is die jeugdige gerig op die *sin van alles* wat op sy horison verskyn. Hy bevind hom egter steeds in gesins- en gemeenskapverband waarbinne by sy "selfbeeld" opbou en sy oriëntasie hoofsaaklik informeel verloop, tot dat hy ook formele onderrig ontvang. "Sy oriëntasie-sy "leerom-te-lewe" gaan om die toe-eiening van 'n *persoonlike identiteit*, 'n waardeoordeel, die aanleë van norme, die meelewing en uitlewing van gesag en die aanvaarding van verantwoordelijkheid. Oriëntering lewer die jeugdige nie uit aan die kultuurgoed en die tradisie nie, maar is "veeleer 'n toe-eienende of herskeppingsakt." (Langeveld, M. J.). Daarom het dit ook sin as H. J. Harmse sê: "..... dat die kind in die lig van sy kennis en insig kiesend-vergestaltend deelneem aan die lewe."

Deur sy lewe van waarnemings, ervarings, oriëntering en keuse bou hy aan sy eie selfbeeld en daardeur ook aan sy gemeenskap. Hierdie voortdurende opvoedingsproses kan nie positiewe resultate lewe nie as dit geskied in vervreemding of afsydigheid van die natuur die aarde met alles daar-om, daarop en daarin wat *nie* deur die mens gemaak is nie *en* van die Skepper daarvan. Daarom is buitelugopvoeding, veldstudie, omgewingsleer, landsdiens, jeugdiens of watter benaming daaraan toegedien mag word, van kardinale belang vir 'n *positief-ingerstelde selfbeeld*, of *herstel* van 'n verwronge selfbeeld, waarsonder positiewe verhoudings en gesindhede tot mens en omgewing en tot eie arbeidsaamheid en deelname nie moontlik is nie.

Teenoor die natuur en die Opperwese

"You will find something far greater in the woods than you will find in books.
Stones and trees will teach you that which you will never learn from masters." (St Bernard).

En as ons hierby nog aansluit by Ps 8, dan is die hele kern reeds gesê:

"As ek u hemel aanskou,
die wek van u vingers,
die maan en die sterre wat U daar geplaas het,
wat is die mens dan
dat U aan hom dink....
U laat hom heers oor die werke van u hande,
U het alles aan hom onderwerp....."

Belewenisse en aktiwiteite in die ongerepte natuur moet egter sinvol *beplan* en *georden* word om die grootste voordeel daaruit te kan put. Aktiwiteitsprogramme behoort gerig te word op die persoonlike en aktiewe relasie tussen mens en natuur ter nakoming van Sy Goddelike opdrag as "heerser en bewaarder." Derhalwe moet die alle *bewaring* en *behoud* binne ekologiese en geestelike verband onderskraag; moet alle vorms van besondeling, vernieling, aftakeling – van lugbesoedeling tot daggarooke geïdentifiseer en bekamp word as dié gevaarlike vyande van mens en natuur en wêreld wat hulle inderdaad is! Dit sluit in die *negatiewe aspekte van groot-skaalse verstedeliking*. Aktiewe deelname en optrede verg nie slegs omvattende kennis en beplanning nie, maar ook spanwerk, ontwikkeling van eie vaardighede, benutting van noodsaaklike instrumente en gereedskap.

C. M. van den Heever, skrywer en digter, het geglo dat 'n liefde vir die natuur die eerste stap in die harmoniese ontwikkeling van die gestelike mens behoort te wees. Hy stel dit so:

"Natuur en Gees ontmoet mekaar, indee, oneindig
laat wentwl mee in ritme:
hoe groot die hart wat vind in Hom
die orde wat tot eenheid bind!"

Die word vertel dat John Wesley, stigter van dié Metodistekerk op sy baie reise te perd aangegryp is deur die armoede en ellende van die Engelse dorpbewoners. Om die troosteloosheid en vaalheid van hul bestaan te verlig, het Wesley 'n vindingryke en kreatiewe plan toegepas.

By al die dorpies waar hy aangedoen het, het hy die saad van veelkleurige blomme aan die huisvroue uitgedeel met die aansporing dat hulle dit in hulle tuintjies en die omgewing mos saai en versorg. Die moiste tuine sou hy met pryse bekroon! En binne 'n paar jaar het die troostelose omgewings van die dorpies in blomtuine verander.

Geen Christen darf die groot ekologiese probleme van ons tyd passief gedooë nie: dit is vir ons van kardinale belang *wat* met die natuur om ons gebeur. En hierdie "belang" het minstens hierdie twee basiese komponente: vir die voortbestaan van gesonde lewe op aarde, insluitende die fisiese welsyn van die mens; maar ook vir die emosionele, morele, estetiese, kreatiewe en religieuse groei van ons menswees. As ons die natuur positief help "bewaar" vind daar 'n wederkerige aksie plaas, die natuur en omgewing spreek ons aan, bou ook aan die geestelike mens – "bewaar" ook ons.

"Sal ons nie in die wydte van ons vlakke
In die stilte van ons hemelwye nagte
iets van die ewigheid gewaar?"
(N. P. van Wyk Louw)

Sintese

Die positiewe benutting en bewaring asook die herwinning van beskadigde, lewe-onderhoudende bronne van aarde, atmosfeer en water is verstrengel met die bereddering van die mens uit die aftakeling, narkose en sinlose soeke tussen massas, masjiene, pil-uitvlugte en kitskos. En met die bereiking van die hoogste kwaliteit van menslike bestaan. Dat hierdie saak gelukkig nou die erns van onderwysinstansies, kerke, openbare organisasies en regerings geword het, blyk o.a. uit die volgende:

1. In die Environmental Education Act van die Verenigde State van Amerika lees ons bv: "Environmental education is intended to promote among citizens the awareness and understanding of the environment, our relations to it and the concern and responsible act necessary to assure our survival and to improve the quality of life." (Ek onderstreep!)
2. In 1982 kry die Republiek van Suid-Afrika sy eie Wet op Omgewingsbewaring (Wet No. 100 van 1982). Hierdie Wet stel 'n "Raad vir die Omgewing" in, om koördinerend, rigtinggewend en selfs inisiërend op te tree. Hierby maak Artikel 4 (g) voorsiening vir aanbevelings met betrekking tot die GELD wat beskikbaar gestel behoort te word vir die uitvoering van die aanbevelings van die Raad.
3. Op 11 November 1982 kondig die Eerste Minister, Sy Edele Mnr. P.W. Botha aan dat die te stigte Ontwikkelingsbank vir Suidelike Afrika deur 'n interstaatlike tegniese komitee ook aandag sal wy aan internasionale samewerking m. b. t. omgewingsbewaring in Suidelike Afrika. Geleenthede om die bewaaringsopdrag uit te voer word aldus onderskraag en verhoog. Dit bly een van die grootste voorregte denkbaar dat die mens, as deel van die skepping, as God se bevoeligmagte dienaar op aarde juis dié moet doen. "Doen dit en jou siel sal lewe."

Verwysings

Die Bybel

CLAYTON, J.F. 1980: 'Towards a definition of outdoor education.' In *Proceedings of seminar on outdoor education*. UNISA, Pretoria.

GUNTER, C.F. G. Datum onbekend: *Aspekte van teoretiese opvoedkunde*. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

HUDSON-REED, D. Datum onbekend: *Outdoor education*. Drakensberg Administrasieraad: Pietermaritzburg.

STONE, H.J.S. 1976: *Comparative education* UNISA, Pretoria.

TREVERTON SCHOOL 1982: *Environmental education*. (Proceedings of the International Conference on Environmental Education, 3rd to 8th April 1982) Treverton School, Mooi River.